ROMEINE 7:19-8:1 NGK MIEDERPARK 11/9/09

TEMA: GENADE!! Ds Okkie Cilliers

Hoe meer ek met die dinge werk, hoe meer besef ek dat ons nooit die volle krag van die evangelie sal verstaan nie, want ons sukkel om staande te bly. Inteendeel; ons knak onder die laste van die sonde, dinge raak te veel en ons weet nie wat om te doen nie. Sommige kry dit reg om dit mooi weg te steek, ander is by breekpunt verby. Dit dek die wye spektrum van die lewe dek: huwelike, finansiële drukte, siekte, persoonlikheidsprobleme, depressie, sonde… Baie van die mense het al ‘n desperate pad geloop met sielkundiges en ander deskundiges sonder dat hulle regtig gesond geword het. Die seer van hierdie mense staan rou uit en dit lyk asof die vrede en verlossing van Jesus, niks anders as maar net ‘n teorie is nie. Prakties werk die dinge nie – of so lyk dit.

Mense wat so worstel vra vrae: ”is ek nog ‘n kind van die Here… hoe kan ek as kind van die Here weer terugkom… het ek nie nou te ver gegaan nie… sal die Here my weer ‘n kans gee…?” Hierdie tipe van dinge is ‘n vrye teelaarde vir die Satan en hy begin jou dinge begin wysmaak dat dit neusie verby is en hy goël met die mens se skuldgevoelens. Die vraag spook by ‘n mens: hoe seker kan ek weet dat die Here nie sy vrede wat Hy gegee het van my weggeneem het nie? Die antwoorde is verwarrend: daar is predikers wat sê “eenmaal gered, altyd gered.” Daar is ander wat verkondig dat kinders van die Here weer verlore kan gaan... Mense stel nie in die soort teoretiese redenasies belang nie, want die harde praktyk slaan ‘n mens tussen die oë as hy voor die realiteit van die sonde staan: *wat gaan die Here met **MY** maak...?!*

Om verlossing en die vrede van die Here te verstaan, moet die ding van die begin verduidelik word en ‘n paar tekste mag nie sommer net uit die lug gegryp word nie:

Die mens is maar ‘n snaakse ding as dit by godsdiens kom. Reg van die eerste dag af wou ons in die goeie boeke van die Here bly, maar ons motiewe was nog nooit skoon nie. Na die sondeval het dinge natuurlik heeltemal hande uitgeruk en die mens het op allerhande maniere probeer om weer by die Here uit te kom – en nie een van hulle het gewerk nie. In die OT het die Here ook duidelik aan die mens die pad probeer wys hoe om terug te kom: daar moes offerdiere gebring word wat die mens daaraan sou herinner dat daar eendag ‘n Lam sou kom wat die volmaakte Offer sou wees, een wat die hele probleem van sonde sou oplos sodat die mens weer kon wees waar hy hoort: verenig met die Here. Die offer van diere in die OT was baie spesifiek. Alles het hier rondom bloed gedraai: die aanbidder het sy dier gebring en die is op een spesifieke kant van die altaar geslag. Die dier se keel is afgesny en die priester het die bloed in ‘n bak opgevang. Tydens die seremonie is die bloed teen die noordelike en suidelike kante van die altaar uitgegooi sodat dit teen al die hoeke van die altaar gespat het. Selfs al is daar net ‘n voël geoffer, is dié se bloed aan die kant

van die altaar uitgedruk. Dan is die vet van die dier op die altaar gesit en dié is verbrand saam sekere dele van die dier (as simbool dat die sonde tot niet gemaak word). Die vleis wat oorgebly het, het die gesin geëet as ‘n offermaal; sekere dele is aan die priesters en leviete se gesinne gegee as heilige kos. Die res van die dier is buite die dorp/laer verbrand as teken dat dit (sonde) “weg” is en nie meer hoort by die een wat kom offer het nie.

Die bedoeling hiervan was goed, maar dit het nie gewerk nie. Want gou het die mens vergeet waaroor dit gegaan het. Dit het begin draai rondom die offer en nie noodwendig rondom die bloed nie. Hoe meer en groter die offers was, hoe meer tevrede moes God gewees het. Wat hulle betref, kon hulle elke dag na die tempel toe gegaan het en ‘n dier gaan offer het – dit is mos wat die Here vra! Maar mense se harte het nie verander nie.

Die gedagte was dat die bloed moes wys dat daar op ‘n manier met ‘n lewe betaal moes word vir die skeuring wat daar tussen God en mens gekom het, dat een lewe vir ‘n ander moes betaal. Die bloed van die diere moes hulle daaraan herinner dat daar eendag Iemand sou kom wat ’n‘n bloedoffer sou bring en dinge kom regmaak. Dit het hulle vergeet en ‘n hele sisteem rondom die offers gebou: bring die diere en manupileer die Here met dit wat jy gee – hoe meer hoe beter. God het met woede daarop reageer (Jes 1:11,13, Mal 1:7-8).

Dinge het sedertdien nie verander nie. Ons leef maar steeds in die sisteem wat ons opgebou het met die offers wat ons aan die Here moet bring – en ons kyk maklik by die bloed verby – mense dink steeds dat die Here se arm gedraai kan word met sekere dinge wat gedoen word: keurige klere wat gedra word, die mooiste geboue en toerusting (dis darem die “Here se huis”),’n deel van ons geld, keurige sang, goeie en professionele predikers, die regte gesigte wat opgesit word…

Wanneer hierdie sisteem egter geskud word en dinge gebeur wat nie pas nie, val mense se geloof uitmekaar en dinge raak vir hulle te veel. Want dikwels het hulle op die verkeerde fondamente gebou en Jesus se godsdiens maak nie sin uit nie.

Want alles draai rondom bloed. Bloed is die teken van lewe en dood. Wie dit verloor, verloor die lewe; wie dit het, het die lewe. In die OT het dit gegaan rondom ‘n dier wat sy lewe moes gee en sy bloed moes uitgegooi word sodat die een wat met die Here wou regmaak kon sien daar is iets anders wat betaal vir dit wat die mens nie voor die Here wil doen nie. En ook die herinnering: eendag gaan daar Een kom, Hy wie die volmaakte is en wiese bloed gaan loop – in Hom sal alles weer reg kom. Want met bloed moes daar betaal word. God het dit so bedoel.

Hoekom? Want sonde is die DOOD, dit het die mens totaal weggevat van die lewe wat daar in God is en sy vrede is gesteel. Bloed is lewe en is die simbool van daardie dood en lewe dit moet die mens weer terugbring na waar hy hoort: lewend in God se arms.

Want God soek nie ‘n offer t.w.v. ‘n offer nie. Hy is met niks minder tevrede as jou lewe onder bloed nie. *Jy kan ook nie jou lewe vir die Here gee nie, al wil jy ook.* Want die sonde het jou tot in jou wortels vrot gemaak. Jy kan glo dat jy die uitsondering is en nie te sleg voor die Here is nie. Dis die ou leuen van die Satan: gaan maar net voort want dinge is onder beheer - doen ‘n paar dinge in die naam van godsdiens en die Here sal tevrede wees. Hy is nie, want Hy soek jou lewe, een wat met bloed betaal is. Hy soek mense wat van binne verander is en nie maar net ‘n paar dinge wil regmaak nie.

Dit is presies wat Jesus kom doen het. Ek en jy kan nie daardie offer bring nie, omdat ons doodgewoon aan die verkeerde kant van sonde staan en te bang is om met bloed te betaal. Toe het God self mens geword en self ‘n plan met die sonde kom maak. Hierdie dinge klink soos ‘n feëverhaal: God is lief vir die mens en word self soos een van hulle. Die prys wat die mens nie kon en wou betaal nie, doen Hy toe self. Soos die dier wat buite die dorp verbrand is, het hulle Hom buite Jerusalem gevat en eenkant op ‘n koppie gaan ophang. Later het een ‘n spies in sy sy gedruk en daar het water en bloed uitgekom – dit het die spreekwoordelike noorde- en suidekant bespat. In my plek is Hy soos ‘n offerdier dood gemaak!

- Ek vertaan dit nie, maar dis vir my goed. Dit is wat die Bybel genade noem.

Jesus het nie maar net iets in die naam van godsdiens kom doen nie. Hy is God wat op ‘n onverklaarbare manier mens geword het. Hy kom ook nie in die bestaande orde/sisteem van die kerk nie, is nie die een of ander amptenaar wat gerieflik in die kerk kom werk nie. Hy was nie die doodgewone nie. Want sy andersheid lê in sy liggaam wat geoffer is. Die diere wat in die ou tyd gebring is, het niemand gered nie – dit was net die gedagte van een wat sou kom en sy bloed sou gee. Wat God wil straf is die LIGGAAM van die mens, want daar word die sonde uitgedink, getroetel en gedoen. Daarom dat Jesus se LIGGAAM geoffer is. Soos ‘n priester wat ‘n dier kom seermaak het en kom aanbied het vir die mense, het Jesus sy liggaam kom aanbied.

- En dit was vir God genoeg. In sy liggaam is Jesus met die hel getref (= “ter helle neergedaal”).

Ek weet dat hierdie dinge te maklik by ons verbygaan, miskien omdat ons dit so baie hoor. Die prys wat hierdie Man moes betaal sodat my liggaam nie daardie pad moet loop en ek in die hel met my eie bloed moet betaal nie, is iets verskrikliks. Dit was nie nodig nie, maar Hy doen dit. Dit is net genade.

Hierdie offer is so volmaak dat dit vir eens en altyd genoeg was (Heb 9:12). Ook dit is een van die dinge wat so baie gesê word dat dit nie meer gehoor word nie: JESUS SE OFFER WAS GENOEG. Elkeen wat dit glo en Jesus die Meester van die lewe gemaak het, is gered - vir altyd. Ons gaan nie meer hel toe nie, nooit weer nie. Hy het met die sonde klaar gespeel; die Satan het sy houvas op bloedgewaste mense verloor (1 Joh 3:8). Redding is daar vir altyd. Dis nie 'n geval dat dinge vandag "reg" kan loop en jy is "in" – môre loop dinge nie meer "reg" en dan is jy "uit" nie... In Jesus se bloed lê my redding – dit is die eenvoud en die brutaliteit van die evangelie.

Juis dit is vir my die wonder van die evangelie: God verstoot nie sy kinders nie. Hy jaag ons nie weg as iets verkeerd geloop het nie (want wat sou dan van ons geword het?) want Hy werk met genade. Ek is 'n mens wat gered is in die bloed van die Lam wat geslag is. Dit maak nie van my 'n supermens wat nie weer gaan val nie (Rom 7:19-8:1) en Paulus sê dankbaar dat hy by sy sonde verby kyk en God dank dat Jesus Hom gered het sonder veroordeling. Heb 7:22 verduidelik dit: Jesus word 'n BORG genoem. Die oomblik toe Jesus se liggaam gebreek word en ek dit deel van my lewe gemaak het, het daar 'n kontrak tussen my en God tot stand gekom. As ek daardie kontrak breek, staan Jesus vir my borg by die Vader. Net soos in enige saketransaksie waar een borg vir 'n ander instaan as die een nie kan betaal nie, word die borg opgeskroef – hy moet betaal. Dis presies wat Jesus doen: ek breek my kontrak (elke dag!) met die Vader – en Jesus staan elke keer by die Vader en tree vir my in. *Dis genade. Dis al waaraan ek kan vashou – die feit dat Jesus se genade gister, vandag en môre dieselfde is (Heb 13:8). Daar is niks anders waarop ek kan bou of hoop nie.*

Ongelukkig is dit nie die volle verhaal nie. Die ooreenkoms bestaan nie net uit God wat uitreik na die mens nie. Dinge moet van my kant ook gedoen word:

1. Hierdie dinge vra geloof en bekering. Hier is immers sprake van 'n verbond! *Maak seker hiervan: is Jesus vandag jou offer?* As dit nie die geval is nie, hoe lank gaan jy nog uitstel om Jesus se bloed aan sy liggaam jou bloed aan jou liggaam te maak? Moenie dink dat môre nog 'n dag nie, of dat jy dit nog net een keer gaan doen nie (2 Pet 2:22 draai nie doekies om nie jy hou aan om terug te gaan na die sonde soos 'n hond teruggaan na sy braaksel toe!) Die Here konfronteer jou nou: wat maak jy met sy offer?

- As jy nie reeds daar is nie, gryp na die offer van Jesus en word vry. Dis daar vir elkeen wat roep na Hom – Hy gaan by niemand verby nie.

2. Jy sal die hel dra wat Hy gedra het. Ja, geloof bring 'n vrede wat bo alle verstand uitgaan, maar genade is nie goedkoop nie. Die Satan wil dit goedkoop maak en vir jou dit laat glo dat dinge nie so ernstig is nie en dat jy daarmee kan speel, dat die Here jou weer sal vergewe. Ja, die Here sal weer vergewe (o.a. Jes 55:7), maar goedkoop was Jesus se offer beslis nie. Want my dade moet verander. Ek moet die reguit en nou pad van die geloof

leef! En dis ‘n bittere stryd om hierdie pad te loop. Veral as jy dit nie wil loop nie en die sonde lê lekker, kwylend en mooi vir jou en loer... Moenie “ja” sê nie! Loop die seer wat Jesus geloop het, dra die seer van die wonde aan jou liggaam en jy SAL die krag kry om verder te loop en oor die probleme te trap. Want jy is die wenner in hierdie oorlog; die opgestane liggaam van Hom wat dood was waarborg dit! Moenie kortpad vat waar die pad breed en gemaklik voor jou lê nie – sê nee vir egskeiding, oneerlikheid, verkeerde verhoudings... Sê ja vir die beëindiging van verslawings, herstelde verhoudings, liefde... Dis tog immers waarvoor Hy mens geword het!

3. Moenie perspektief verloor in hierdie wêreld nie (vers 22). Ons mag ons nie laat vang met die namaaksels nie. Jesus se offer laat my fokus op dit wat kom: die hemel. My plek is DAAR en nie net HIER nie. Maar ons is dol oor hierdie wêreld en die namaaksels lyk so aanloklik – sodra iemand lyk asof hy iets in hierdie wêreld kan regkry, raak ons opgewonde: ons raas oor die politiek want ons glo die antwoorde lê daarin; as iemand ‘n boek skryf oor 7 maklike maniere om ryk te word, koop ons dit want sukses draai rondom geld; ons soek na rate om die lewe “lekker en aangenaam” te maak… Die dinge is net tydelik en niks anders as klatergoud nie.

Jesus se bloed-offer is die enigste ding wat jou iets kan gee om voor te leef. As jy weet waarheen jy op pad is, kan jy iets aan die chaos van die lewe doen. Dan weet jy daar is hoop en dat niks “sommer net is” nie.Want nou weet ek God is aan my kant en dit gee vrede en rustigheid, al breek die hel langs my los. Saam met Dawid kan ek sê dat ek ‘n bende sal stormloop en met Hom oor ‘n muur sal spring (Ps 18:30).

Al is daar vandag dinge in jou lewe aan die gebeur wat jy nie verstaan nie en jy dink Hy het van jou vergeet… Hy het nie en die Here se vrede is steeds vir jou bedoel. Hy sal vir jou sorg. Moenie paniekerig raak en ander oplossings gaan soek nie. Hy sal sorg. Hy belowe dit so, want Hy verander nie.

Alles kom op net een ding neer: kyk weg uit jouself en kyk na Jesus se offer en oorwinning wat seker is. Wat ‘n enorme bron van krag en vrede is dit nie.

Amen.